086 133 3786
akademie@akademie.co.za
www.akademie.co.za

Engelenburghuis, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria
Privaat sak X11, Arcadia, 0007

STIGTINGSJAAR 1909

SA AKADEMIE SE MERIETEBEURSE VIR HONNEURS IN
Afrikaans, Afrikaans en Nederlands, Afrikaanse Taalpraktyk, of Afrikaanse Skryfkuns



Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns stel stel jaarliks 'n beperkte aantal nagraadse merietebeurse beskikbaar vir honneursstudie in die vakrigting Afrikaans, Afrikaans en Nederlands, Afrikaanse Taalpraktyk, of Afrikaanse Skryfkuns. Met hierdie beurse wil die SA Akademie die studie van die Afrikaanse taal- en letterkunde en taalpraktyk bevorder.

Wat is die waarde van hierdie beurse?

- R6 000 per module vir kandidate met 'n gemiddeld van minstens 65% vir Afrikaans 3 en/of Taalpraktyk 3
- R8 000 per module vir kandidate met 'n gemiddeld van minstens 75% vir Afrikaans 3 en/of Taalpraktyk 3
  (die bedrae word bepaal deur die beskikbaarheid van fondse).

Wat is die vereistes vir hierdie beurse?

1. 'n Finale punt van minstens 65% in die vak Afrikaans en/of Taalpraktyk /of skryfkuns op derdejaarsvlak (amptelike akademiese rekord moet aansoek vergesel)
2. Kandidate moet vir die volle duur van die studie geregistreer wees by die universiteit
3. Aanbeveling deur die hoof van die Departement Afrikaans en/of Taalpraktyk (amptelike brief moet aansoek vergesel)
4. Gesertifiseerde afskrif van student se identiteitsdokument en registrasiebewys (indien moontlik) vir honneursstudie in Afrikaans en/of Taalpraktyk of Skryfkuns moet aansoek vergesel
5. Indien studente nie die studie in die voorgeskrewe tydperk voltooi nie skakel die beurs oor in ’n lening wat onmiddellik aan die SA Akademie terugbetaalbaar is
6. Navorsingskripsies moet in Afrikaans vir eksaminering ingedien word

Hoe doen ‘n voornemende kandidaat aansoek?

1. Aansoekvorms is beskikbaar by die Akademiekantoor by beurse@akademie.co.za

2. Aansoeke moet die SA Akademie bereik vóór of op **31 Januarie 2022** by beurse@akademie.co.za

Wat moet saam met die aansoekvorm ingedien word?

1. Bewys van registrasie aan ’n universiteit, indien moontlik
2. Jongste Akademiese kwalifikasie
3. Gesertifiseerde afskrif van identiteitsdokument
4. Aanbeveling van die betrokke departementshoof
5. Begroting en verslag van alternatiewe en bykomende finansiering en/of beurse

Hoe geskied die uitbetaling van ‘n beurs?

1. Uitbetaling is onderhewig aan die aanvaarding van die beurs en die ondertekening van ’n beursooreenkoms, sowel as ‘n leningsooreenkoms wat slegs van krag word indien beurshouers nie hulle studie voltooi nie of enige van die ander vereistes nie nakom nie
2. Die eerste helfte van die beurs word in Mei 2022 uitbetaal nadat ‘n 2022-registrasiebewys en die getekende ooreenkoms deur die SA Akademie ontvang is.
3. Die tweede en laaste betaling word uitbetaal met die ontvangs van amptelike honneurseksamenuitslag
4. Beurshouers moet ‘n borgsteller aanwys wat verantwoordelik sal wees vir die terugbetaling van die beursgeld sou die student nie kan nie

Wanneer word die uitslag van die aansoek bekend gemaak?

Kandidate word in Februarie 2022 ingelig oor die beslissing van die beurskomitee.

Vir meer inligting i.v.m. die beurse kontak Melanie Rens by beurse@akademie.co.za

Die oogmerke van die Akademie as multidissiplinêre organisasie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans.